## HEIN VILJOEN DEBUTEER AS DIGTER

Mnr. H.M. Viljoen, lektor in die departement Afrikaans-Nederlands, het in 1982 gedebuteer met 'n bundel gedigte wat onder die titel *Waterkristal* by Perskor verskyn het. Dit kos R9,95 plus A.V.B.

Enkele gedigte uit *Waterkristal* word hierby oorgedruk.

### PORTRET VAN VROU AS VRUGBAARHEIDSGODIN

in dié verband
glo ek nie moet mens tradisioneel wees nie
in dié toestand
is sy nie so loom geslagsryp soos trechikoff
se sal ons maar sê "maagde" nie
daarvoor staan die maag te ver vooruit
tafel vir koppie koffie
dis 'n anderster soort rypheid
die borste soos pere geswel
blinkgeel ronde sappige pere
dis 'n swartgroen groei
soos die somer van '4-75
hartseer om sy oordadigheid
dik groen is die blare waarop
nou son netnou reën giet
die aarde is byna versuip
stomend dryf die reuk van ryp en oorryp
perskes tot onder die akkerboom
waar ons op stikstofdonker gras
gulsig bebotterde groenmielies eet
swaar steun sy op
rondgeswel soos 'n waatlemoen is sy
binnekort baar sy ook háár vrug

### STADSTILTE

in sunnyside raak dit selde stil
bromfietse spetter selfs loom sondagmiddae
teen jou venster kardeure klap toe
'n kind lag swartes skreepraat oor die straat
bestendig bruis die verkeer maak 'n vaart
en bedaar — 'n vloed wat rasend styg

en styg tot dit klots om die woonstel se pilare
maar teen drie-vieruur in die oggend
ek kan nie glo elke oggend nie
is dit skielik stil met 'n
stilte wat agter jou asemhaling ontstaan
as dit boonop fluisterreën soos nou
hou my in die warm waterdonker in jou

## O AMSTERDAM

jou naam is soos 'n
towerwoord
jou gragte stad van brûe, water
drywend
op pale in die modder ingehei
jou vuil hippies
jou rooiligmense — arrogante kase
liellike slet jou koue noorderlig
wat stol in gragte en snags verblindend
lig vibreer in wit waterkristalle
sjlop-sjlop bedags glo modderwater in jou strate
stad van Vondel
my stad
ek besit jou ek beken jou
my liefde
o amsterdam

*Uit: Hein Viljoen*
**Waterkristal**
*Perskor*
*1982*